



Ry vir 'n rede

Op Sondag 2 Junie vanjaar het die motorfietsryers van Kempton Park-Oos (Strome Lewende Water), Randburg en somer baie ander motorfietsvriende van oraloos, onder andere Pretoria, Fourways en Carletonville, byeengekom om te Ry vir 'n rede.

Teken in op blitspos
 Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Vanjaar se doelwit was om fondse in te samel vir Ronel Jacobs wat vroeër vanjaar 'n kogleëre inplanting gekry het. Ronel is reeds van haar kinderdae af gehoorgestremd, maar later het die gehoorstukke nie meer voldoende vir haar gewerk nie. Kogleëre inplantings is die enigste uitweg as gehoorapparate nie meer sterk genoeg is vir die gehoorverlies nie. Die koste van so 'n oorplanting is baie hoog en ons wou graag die finansiële druk verlig.

Ons tweede “rede” was 'n 8-jarige seuntjie, CJ Mollentze, van Louis Trichardt. Hy is outisties en 'n epilepsie-lyer. Fisies is CJ soos 'n 18 maande oue baba, nieverbaal. Hy kan nie vir sy mamma sê as hy nie lekker voel nie, hy kan nie sê waar hy seer het nie. Mamma bly tuis en versorg hom 24 uur per dag. Die koste van die medikasie, doeke en sy spesiale behoeftes is soms ondraaglik, en om die huishouding aan die gang te hou met net een salaris, van Pappa, is nie altyd genoeg nie.

Die motorfiets het Sondagoggend een vir een ingetrek; party moes al vroeg wegspring van hul onderskeie vertrekpunte. Ds CJ van Wyk het vir ons hierdie spesiale dag ingelei met 'n treffende erediens by Kempton Park-Oos. Daarna het 31 motorfiets- en vriende vertrek na Kitty Hawk Aerodrome vir 'n heerlike middagete. Watter belewenis om in so 'n konvooi van motorfiets te ry! As blyk van waardering is aan elke motorfietsryer 'n spesiale *Ry vir 'n rede*-muntstuk gegee. As herinnering waarom 'n mens deelneem aan so 'n uitreikaksie, is 2 Korintiërs 9: 7 as teks agterop die munt geplaas: *Elkeen moet gee soos hy in sy hart besluit het, nie uit spyt of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.*

Die samesyn onder die motorfietsgemeenskap is besonder spontaan, openhartig en vrygewig. Met die inkomste van die dag kon ons vir Ronel 'n bydrae maak om die finansiële druk so 'n bietjie te verlig, asook vir CJ help met genoeg voorraad om sy mamma se dag-tot-dag-uitgawes ietwat te verminder.

Ons is dankbaar teenoor elkeen wat 'n bydrae kon lewer, en dat ons 'n verskil kon maak. Om die mense se dankbaarheid te sien en te beleef, maak dit absoluut die moeite werd.

Ek is van mening dat 'n motorfietsbediening net nog een van die Kerk se arms kan wees om hulp en hoop te bied. Terselfdertyd geniet die motorfietsryers dit net so en sien hulle telkens uit na 'n volgende geleentheid. Die koinonia onder die mense is onbeskryflik. Mense ontmoet mekaar by sulke geleenthede as vreemdelinge en gaan uitmekaar as vriende.

Ons maak in 2020 weer so!

Ds Anneline Geyer, Kempton Park-Oos



Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed

- Ds Gerrie Senekal van Lichtenburg se moeder, **mev Marie Senekal** (78), is Sondagmiddag 16 Junie oorlede na 'n kort siekbed. Mev Senekal was byna 50 jaar lank in Gemeente Balfour (onder meer as NHSV-voorsitter), maar die laaste ses jaar in Gemeente Villiers. Sy en haar man, Manie, het 'n maand gelede na Villieria verhuis, maar nog nie by die gemeente aangemeld nie weens haar gesondheid. Sy word **Maandag 24 Junie om 12:00 uit Gemeente Heidelberg** met 'n dankdiens met liefde gegroet. Sy is in Heidelberg gedoop, het daar lidmaat geword en is daaruit getroud. Ds Gerrie gaan self die roudiens lei. Ons innige simpatie gaan aan ds Gerrie en sy familie.
- **Die volgende predikante verjaar tot 28 Junie, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 20 Junie: Dr A (Annelie) Botha (Mafeking)
 - o Vrydag 21 Junie: Di HT (Hennie) van der Linde (Vliegepoort) en EN (Nastasia) Vosloo-Steyn (Donegal)
 - o Maandag 24 Junie: Ds PJE (Piet) Botha (emeritus/Klerksdorp)
 - o Dinsdag 25 Junie: Ds PWB (Pierre) Britz (beroepafwagtend)
 - o Vrydag 28 Junie: Ds ER (Elsie) Pretorius (emeritus)

Gemeentes en bediening



Ds Willem Dreyer

- **Ds WA (Willem) Dreyer** van Delareyville het 'n beroep ontvang na Lichtenburg-Oos.
- **Prop AS (Armandt) Botha** (beroepafwagtend) het die beroep na Heidelberg bedank.
- **Ds PJ (Pieter) Uys** van Brakpan is weens mediese ongeskiktheid van sy gemeente losgemaak en is nou met siekte-emeritaat.
- Die **SP Engelbrecht-museum** is op soek na 'n **outydse doodskleed**. Kontak ds Johann de Bruin by cjdb@telkomsa.net of 082 733 3951 op WhatsApp. Almal is hartlik welkom om ons Museum per afspraak te besoek. Sluit asseblief aan by ons Facebookblad SP Engelbrecht Museum vir wetenswaardighede en meer inligting.
- By die **SP Engelbrecht-museum** is **te koop**: 21 bokse ou hout **portretrame** (332) en 6 bokse raamglas – net 'n paar breë rame, andersins smal tot gemiddeld; alles mooi skoongemaak en gesorteer. Enkelrame vanaf R20, R50 en R100 plus. R10 000 of beste aanbod vir alles. 9 x beeldjies (13 x 11 cm) van **ds LGF Biccard** van Pietersburg (1875-1885) deur beeldhouer Phil Minnaar in 1986 @ R100 elk. 800 x **bronspenninge** van 1886-1986 Gemeente Witfontein wat gekies het om die NHKA te handhaaf in die tyd van die mislukte kerkvereniging @ R20 stuk. Stel van 8 **plakkate** oor die geskiedenis van die NHKA @ R250 of R45 per plakkaat (A2 = 600 x 420 mm): Predikante, Ouderlinge, NHSV, Nagmaal en Doop, Bybelvertaling, Kerkhervorming, Voortrekkers, Liturgiese Jaar. Ons kan dit via Postnet vir u stuur. Ideale geskenke vir kategesekinders.



Prop Armandt Botha



Ds Pieter Uys

Toerusting

- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
Premierkursus oor brugbediening
Week 1: 29 Julie – 2 Augustus
Week 2: 4-7 November
Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte
Koste R2 200 (BTW ingesluit)
Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
Hesmarie.Bosman@up.ac.za

'n Gedig

Kranslegging

Pappa
jy het altyd gesê
mense sal na jou dood
spot
oor jy kranse by
ander se grafte gelê het
met
stukkende skoene
aan

Toe koop ek
met my
eerste salaristjek
vir jou
'n paar
volstruisleerskoene

Dit was vir jou
baie mooi
en jy het dit
trots gedra

Die enigste oorskot
na die
noodlottige ongeluk
was
'n skaapleervelletjie
in bloed
en 'n paar
blink gepoetste
volstruisleerskoene

Pappa
toe ek 'n krans
op jou graf
gelê het
was my skoene heel
maar
my hart stukkend

Hélène van Wyk
(LitNet 23/10/2018)

Barmhartigheid

- **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Krugersdorp.** (Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van hul gemeentes sal insluit.)
Wat behels die pos?
 - o U sal optree as versorger vir tot ses wetsbestede seuns.**Wie kan aansoek doen?**
 - o Persone tussen die ouderdomme van 30 en 55 jaar (verkieslik 'n getroude egpaar maar nie daartoe beperk nie).
 - o Persone van ander kerkgroepe met dieselfde Christelike grondslag as die NHKA kan aansoek doen. Die persone sal egter vir die tydperk van hul aanstelling moet inskakel by die betrokke NHKA-gemeente.

- o Persone met 'n goeie aanvoeling vir kinders.
- o Geskikte kandidate moet bereid wees om psigometriese toetse te ondergaan.
Aansoeke sluit op 19 Julie 2019. Benewens 'n maandelikse kontantvergoeding, word gratis inwoning in die DPS-huis by die pakket ingesluit.

Kontak die volgende persone vir meer inligting:

Mnr O (Otto) Viljoen: 012 322 8885 / 079 495 2007 / 060 968 4907 / kinderhuise@nhk.co.za

Mev SL (Suzanne) van Deventer: 066 477 8904 / suzanne@rata.org.za

Mev K (Kotie) van Niekerk: 060 968 4906 / kotie@rata.org.za

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **een eenslaapkamer-huureenheid** in Huis Johannes Postmus teen R3 865 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle) Lewensreg te koop**
2-slaapkamer @ R560 000
1½-slaapkamer @ R520 000
1-slaapkamer @ R515 000
Groot tuine om in te ontspan
Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723



Kerklike publikasies

- In die Junie 2019-uitgawe van die NHSV se publikasie **Die Christelike Vrou** lees ons in die redaksionele artikel, *Ode aan die jeug*, 'n interessante perspektief rakende ons jongmense. Van dr Tanya van Wyk, dosent aan die Fakulteit Teologie en Religie van die Universiteit van Pretoria, is daar die artikel *Nadenke oor seksualiteit en verhoudings*. Lees ook oor die afgelope Tooi Turkoois vir Bejaardes wat van 15 Mei tot 15 Junie plaasgevind het. Elsie Slabbert, voorsitter van die Oos-Kaapse streek, vertel van hul onlangse streekbyeenkoms. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.

Die Christelike Vrou

Ode aan die jeug



Fondsinsamelings

- **Rata: Drive for a Child Masters**
Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
Borg 'n putjie teen R2 500
R4 200 vir 'n 4-bal (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
R5 000 vir 'n 4-bal plus putjeborg (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
Navrae: 082 081 3213 / info@driveforachild.co.za
www.driveforachild.co.za

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. **GEEN** advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Nou kan ek bid.

God, hou in hierdie laaste oomblik my gebed gesuiwer
soos dit nooit was in my dae:
vergeef my sondes, want aan my
was ál onwaar, onheilig en besmet:
tót ook my bid, tót ook my noem, o Heer,
van U en van u heilige Naam – onrein;
leer U my bid; bid, bid U self in my...

NP van Wyk Louw
(Uit: *Dias*, 1952)

